1997 Acta Structilia Vol 4 No 1

## Book Review

# Urbanisation: South Africa's Challenge

*Derik Gelderblom & Pieter Kok**

This book by *G&K* consists of two volumes. The English text is accessible for the Afrikaans speaking student completing a master's degree in planning. It features:

Volume 1: *Dynamics*
Volume 2: *Planning*

The publisher's date is 1994 and the purpose, according to the authors, is to bring to the surface the human aspects entrenched in the urbanisation process and to bring up to date a former publication of theirs: *Verstedeliking in Suid-Afrika: perspektiewe op die dinamika en begeleiding van die proses* (1989)(*Urbanisation in South Africa: perspectives on the dynamics and the accompanying process)*, as occasioned by the "many prominent changes which have occurred in the country recently" (K&G, 1994, p.ii).

*Volume 1* contains seven chapters which can be grouped in different categories. Chapters 1 to 3 consist of a historical perspective on the urbanisation tendencies in South Africa. Chapter 4 concentrates more on the consequences of the former legislation on urbanisation methods. Chapter 6 addresses the general consequences of urbanisation and in chapter 7 the situation in our country is compared with that of other (third world) countries in South America.

---

* *Book review by: Pieter J Potgieter, BALO (UOFS), HED (UOFS) MSS (UOFS), lecturer at the Department of Urban and Regional Planning at the UOFS*

*Volume 2* concentrates on important planning aspects pertaining to urbanisation projects. Chapters 1 to 3 concentrate on general planning projects with the emphasis especially on towns and cities. Chapter 4 addresses regional planning and development and the integration of town and urban parts, emphasising policy aspects.

For academic purposes *Urbanisation* fulfills an important need as a reference source since it addresses South African urbanisation circumstances directly. It succeeds to reach beyond our local circumstances. The student gets an introductory insight into circumstances prevailing in other countries with the same problems as ours. Urbanisation is shown in its full complexity (reasons, tendencies, results, benefits, as well as the aftermath's policy). Practical examples, well-known and comprehendible situations are used.

One can only speculate on the authors' motives or reasons to translate the original Afrikaans theme into English. The book however, by way of a preface, offers an insight into urbanisation in South Africa and on unilateral or the one-sided scenario of the past. For academic purposes a section on the motivation for and the purposes of the so called 'apartheid' legislation, rather than only the results of it, could have been included. In this way a more complete picture of the history of urbanisation in South Africa might have been presented.

RGN Publishers (Price R75,25 per volume)
Private Bag X41
Pretoria 0001
Published and bound by Sigma (Pty) Ltd, Pretoria.

## Boekresensie

# Urbanisation: South Africa's Challenge

*Derik Gelderblom & Pieter Kok**

Die boek deur G&K bestaan uit twee volumes en is geskryf in 'n Engels wat vir die beplanningstudent op die magistervlak geen interpretasieprobleme lewer nie, naamlik:

Volume 1: *Dynamics*
Volume 2: *Planning*

Die uitgewersdatum is 1994 en die doel van dié publikasie is volgens die outeurs: "'n Poging om die menslike aspekte wat met die verstedelikingsproses gepaard gaan, uit te lig" en om hul vorige werk, *Verstedeliking in Suid-Afrika: perspektiewe op die dinamika en begeleiding* van die proses, (1989), op te dateer, "na aanleiding van die vele belangrike veranderings wat in die land plaasgevind het" (K&G, 1994, p.ii).

*Volume 1* bestaan uit sewe hoofstukke en kan in 'n aantal kategorieë ingedeel word. Hoofstukke 1 tot 3 is 'n historiese perspektief op die verstedelikingstendense in Suid-Afrika, terwyl hoofstuk 4 meer konsentreer op die gevolge van die ou Wetgewing op vestigingspatrone. Hoofstuk 6 spreek die algemene gevolge van verstedeliking aan en in hoofstuk 7 word 'n vergelyking van die situasie met (ander derdewêreld-) lande in Suid-Amerika getref.

---

* *Resensie deur: Pieter J Potgieter, BALO (UOVS), HOD (UOVS), MSS (UOVS), Lektor by die Departement Stads- en Streekbeplanning, UOVS*

*Volume 2* word gewy aan belangrike beplanningsaspekte wat in die verstedelikingsproses aanwesig is. Hoofstukke 1-3 spreek beplanning in die algemeen aan met die klem veral op stedelike omstandighede. In hoofstuk 4 word op streeksontwikkeling gekonsentreer en die integrasie van landelike- en stedelike ontwikkeling met die klem op beleidsaspekte.

Vir akademiese doeleindes dien *Urbanisation* as 'n waardevolle verwysingbron veral omdat dit Suid-Afrikaanse verstedelikingstendense direk aanspreek. Die verwysing word egter wyer as slegs die plaaslike situasie getrek en die student kry 'n inleidende blik op die toestande in lande met ooreenstemmende omstandighede. Verstedeliking word in sy volle konteks (oorsake, tendense, gevolge, voor-/nadele, beleid) uitgebeeld en praktiese voorbeelde en bekende, verstaanbare situasies word gebruik.

Daar kan slegs gespekuleer word oor die outeurs se motivering vir die oorskakeling van die oorspronklike Afrikaanse tema na Engels. Die boek bied 'n baie vooringenome blik op verstedeliking in Suid-Afrika wat 'n eensydige scenario van die verlede bied. Vir akademiese doeleindes sou 'n gedeelte oor die motivering vir en die oogmerke van die sogenaamde apartheidswetgewing, eerder as die uitwerking daarvan, 'n vollediger beeld van die verstedelikingsgeskiedenis van Suid-Afrika weergegee het.

RGN Uitgewers (Prys: R75.25 per volume)
Privaatsak X41
Pretoria 0001
Gedruk en gebind deur *Sigma* (Edms) Bpk, Pretoria